

1 November

**Skrifgedeelte: Josua 24:1-33 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 24:15, 30**

Ek en my huis, óns sal die Here dien!

Die Here laat Josua sy lewenstaak afsluit deur die volk te lei tot 'n besliste keuse om Hom te dien.

In sy afskeidspreek spel Josua die hoogtepunte van die Here se heilsgeskiedenis met die verbondsvolk uit. Die Here het sy verbond met sy uitverkore volk nagekom en sal dit nog steeds doen. Hy het Abraham uit 'n heidenland geneem en hom na die land wat Hy aan hom belowe het (Kanaän), laat trek. Só het Hy ook met Isak en sy seuns gehandel: Selfs Esau het sy erfdeel gekry. Jakob moes egter eers na Egipte trek en hulle is 400 jaar later deur Moses en Aäron uit Egipte tot by die Jordaanrivier gelei. Daarna het die Here hulle vyande in hulle hand gegee en is aan elkeen 'n erfdeel gegee waaraan hulle nie self gebou het nie.

Deur al hierdie jare heen het die Here getoon dat Hy getrou is en dat Hy sy beloftes nakom. Op grond hiervan eis God van hulle hierdie drie dinge (24:14): vrees die Here, dien die Here en verwyder alles wat veroorsaak dat julle Hóm nie eerste stel nie. Josua (vs 15) en die volk (vs 16-18) kies duidelik vír die Here. Tot drie keer toe bevestig hulle dit: Ons sal die Here dien!

Ná hierdie gebeure sterf Josua en word in die beloofde land begrawe. Hy het Israel gebring by dit wat sy naam beteken: Die Here red/verlos.

Baie eeue later breek God sy Seun Jesus se graf oop en bring só sy volk by die volmaakte verlossing van sondes uit. Die Here is nog steeds die Verbondsgod wat getrou aan sy beloftes bly. Kies jy en jou huis óók om hierdie Here te vrees, Hom te dien en alles te verwyder wat veroorsaak dat jy Hóm nie eerste in jou lewe kan stel nie? Dan het jy en jou huis die regte keuse gemaak!

Sing: Psalm 146:4, 8

Ds. AH Stavast (Kroonstad)